WAT MOET PREDIKANTE DOEN IN DIE GEMEENTE EN HOE WORD DIE GESPREK DAAROOR GEVOER?

Frederick Marais

Daar is min gemeentes wat nie besig is met die vraag oor wat hulle predikant of predikante moet doen nie. In baie gevalle is dit 'n pynlike gesprek, omdat daar nie 'n voldoende raamwerk vir die gesprek is nie. Hoewel art 9 van die kerkorde (NGK) volgens die opdrag van die Algemene Sinode hersien moet word, staan dit reeds as die algemene voorskrif oor wat 'n predikant behoort te doen. In die betrokke artikels word 'n lys van take beskryf, wat om die minste te sê, nie tred gehou het met die realiteit van die bediening in gemeentes vandag nie.

Die probleem is nie met die betrokke lys nie, dit kon langer of korter gewees het, maar met die feit dat die artikel net na take en nie na die teologie van die amp of die funksies van die predikant verwys nie. Uitklaring van take het te make met 'n verskeidenheid van konteksuele aangeleenthede soos die eie roeping of visie en bedieningsplan van die gemeente, en hoort nie in 'n kerkorde nie, maar behoort aan 'n gemeente oorgelaat te word om binne haar eie konteks te bepaal.

Om 'n weg te probeer vind in hierdie gesprek het 'n navorsingsgroep by *Buvton* in opdrag van die die verenigde *Sinodale Kommissie Predikantebegeleiding* (SKP) van Wes-en-Suid-Kaapland (NGK) en VGK Kaapland onderskei tussen: ampsteologie, algemene rolle of funksies van die leraar en ooreengekome take of verantwoordelikhede in die gemeente.



In vorige uitgawes van *Kruisgewys* het Coenie Burger en Cas Wepener artikels geplaas oor die amps-teologie van die leraar. In hierdie artikel val die fokus op die algemene rolle of funksies van die leraar in die gemeente as 'n toegangspoort tot die gesprek oor take.

Die identifisering van hierdie rolle kom al 'n rukkie. In die negentiger jare het 'n navorsingsgroep van *Buvton* 'n boek gepubliseer onder die titel: *Nuut gedink oor leierskap in gemeentes: Die begeleiding van 'n Christelike geloofsgemeenskap* (Lux Verbi: 1995), onder redaksie van Arnold Smit. In die boek het ons gewerk met leierskap prosesse wat Arnold en Michiel van die Merwe later in 'n kursus oor leierskap verwerk het na die rolle van dissipel, vriend, visioneerder, mobiliseerder en fasiliteerder.

Die bedoeling van die rolle is om 'n raamwerk van algemene rolle wat leraars speel in die gemeente te identifiseer wat die brug kan slaan tussen die roeping van die leraar en die ooreengekome take. Hierdie is nie 'n generiese lys van "bevoegdhede" waaroor elke leraar moet beskik nie, maar eerder 'n raamwerk vir die gesprek oor leraarsrolle wat toepaslik is vir die besondere leraar en die gemeente waarin hy/sy werk.

1. DISSIPEL

Die predikant is soos alle ander gelowiges geroep om 'n dissipel van Jesus Christus te wees. Dit veronderstel dat die leraar as kind van God 'n geroepene en vrymoedige getuie sal wees wat in 'n egte en geloofwaardige verhouding met Christus leef. Hierdie rol word – anders as die ander – veronderstel by elke predikant. Uit hierdie verhouding vloei 'n gehoorsame lewe wat met passie strewe na die realisering van die koninkryk. Die leraar-dissipel sal as geestelike leier in die gemeente wil toesien dat die gemeente toegerus word om as dissipels gehoorsaam hulle roeping uitleef. Uniek in hierdie rol is die vaardigheid van geloofsonderskeiding.

2. VRIEND

Die leraar as vriend dui op die gehalte van die verhoudings wat hy/sy vestig en in stand hou in die gemeente. Die predikant as vriend beskik oor die vermoë om veilige ruimtes te skep waar interpersoonlike verhoudings kan ontwikkel. As vriend is die basiese ingesteldheid om met respek en deernis te leef teenoor alle mense en om die kennis te hê om hulle in hulle verskillende lewensfases te begelei. Teologies beteken dit om die genade van God konkreet te maak in die verhoudings van die gemeente.

3. VISIONEERDER

As visioneerder is die leraar se rol om geloofsonderskeidend saam met die gemeente na te dink oor God se toekoms vir die gemeente, en dan hierdie toekoms so te verwoord dat dit die verbeelding van die gemeente en die gemeenskap aangryp. Dit sluit die vermoë in om die onbekende te verken en buite die kassie van die bekende te dink. Teologies leef die visioneerder vanuit die belofte van die opstanding.

4. MOBILISEERDER

As mobiliseerder is dit die leraar se rol om lidmate te inspireer en te motiveer om hulle roeping passievol uit te leef. Waar die visioneerder die kreatiewe kommunikeerder is, is die mobiliseerder die persoon wat entoesiasties kommunikeer. Die mobiliseerder sien dit as sy/haar taak om ander te inspireer om by die bediening betrokke te raak en nie alles self te wil doen nie. Die bou van kapasiteit van mense is 'n prioriteit in hierdie rol. Die mobiliseerder sal daarom netwerke skep waarbinne lidmate gemobiliseer en bemagtig kan word. Die mobiliseerder wil graag sien dat die liggaam van Christus al die gawes gebruik wat die Gees aan die gemeente gegee het.

5. FASILITEERDER

Die fasiliteerder-leraar se oog is op die proses van die gemeente, begaan daaroor dat die gemeente nie stagneer nie, maar dat die visie geïmplementeer word. Indien daar struikelblokke soos konflik ontstaan, is dit die fasiliteerder wat moeite sal doen om deur gesprek en ander vorme van beslegtiging die proses weer aan die gang te kry. Die fasiliteerder-leraar het kennis van hoe verandering werk. Teologies verstaan die fasiliteerder dat dit nie om hom-/haarself gaan nie, maar oor God wat transformerend besig is om die koninkryk te laat kom.